Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2015

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2 uur**

*AFRFA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | LEESBEGRIP (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: | OPSOMMING (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: | TAAL (VRAAG 3, 4, 5 en 6) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie deeglik.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël na ELKE antwoord oop.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Aanbevole tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**ENIGE BOBBEJAAN KAN ROOK!**

1 Rook is gevaarlik vir enige mens. Miskien sal daar nog ŉ tyd kom wanneer mense sal terugkyk en dink: hoe is dit moontlik dat miljoene mense, terwyl hulle weet van al die gevare, hulle graf met ŉ brandende stukkie twak tussen hul lippe gegrawe het.



2 In tabakrook, waarmee baie mense hul longe so heerlik besoedel, kruip daar verskillende en baie ernstige gevare weg. Een daarvan is die baie bekende nikotien, ŉ giftige, vloeibare stimulant wat in tabakblare voorkom.

3 Baie mense weet dit nie, maar nikotien is na ŉ persoon vernoem. Hy was Jean Nicot de Villemain (1530–1600), ŉ Franse diplomaat en die eerste mens wat tabak in Frankryk ingevoer het. Tabak is uit die Amerikas na Europa gebring ná die ontdekking van die nuwe wêreld deur Christopher Columbus.

4 Na moderne medici tabakrook met longkanker, hartsiektes, chroniese brongitis, emfiseem en ander siektes verbind het, is intensiewe veldtogte in baie lande begin om die gebruik van tabak te verminder. Dit het ook in Suid-Afrika gebeur.

5 In Julie 2000 het ŉ Amerikaanse jurie skadevergoeding van $145 miljard toegestaan in ŉ eissaak teen vyf tabakfirmas en twee navorsingsorganisasies. Daar is bevind dat meer as 500 000 rokers in die Amerikaanse staat Florida weens hul rookgewoonte aan hartsiekte, longkanker en ander siektes gely het. Die stryd teen rook is regtig aan die brand!

6 Maar wat is daar alles in rook wat dit so lewensgevaarlik maak? As sigaret- en pyprook vergelyk word, is die dampe wat ŉ brandende sigaret afgee en deur die roker ingeasem word, die gevaarlikste. Pyprokers is baie meer vatbaar as nierokers vir lip-, tong-, mond- en keelkanker.

7 Tieners wat rook, is drie keer meer geneig as nierokers om alkohol te gebruik en agt keer meer geneig tot daggarokery.

8 Rook het nie net ŉ slegte uitwerking op die gesondheid nie, maar kan ook sielkundige probleme, soos depressie, by jong mense veroorsaak.

9 Navorsers sê hoërskoolleerlinge wat gereëlde rokers is en vroeg-vroeg begin rook het, is:

- 2,4 keer meer geneig tot siektes as hul nierokende vriende;
- 2,4 tot 2,7 keer meer geneig om slym of bloed te hoes, kortasem te wees terwyl hulle nie oefening doen nie en aamborstig te wees of te hyg;
- 3,0 keer meer geneig om ŉ sielkundige te spreek weens ŉ emosionele of sielkundige probleem.

10 In Suid-Afrika se Wysigingswet op Tabakbeheer (Wet 12 van 1999) staan dat daar nie meer in openbare plekke gerook mag word nie. Dit sluit bioskope, winkelsentrums, busse, lughawens, werkplekke, ensovoorts in.

11 Almal kan nou ŉ skoner omgewing geniet. Die dampe wat ŉ mens laat hoes tot jou oë traan, is verby. Rokers mag net in spesiale rookkamers rook waar hulle nie langer die nierokers met hul rook kan irriteer nie.

12 Alle mense moet nou oorreed word dat rook sommer twak is.

13 Maar ŉ nuwe soort sigaret het nou op die mark verskyn: die e-sigaret. E-sigarette bevat slegs 60% nikotien van ŉ tradisionele sigaret wat wel die verslawing aan sigarette kan verminder.

14 Verskeie studies het gewys dat die gasse van ŉ e-sigaret kanker kan veroorsaak. Die gasse wat jy inasem, het baie klein partikels soos tin, chroom, nikkel en ander swaar metale in wat ŉ mens se longe kan beskadig. Omdat hierdie deeltjies so klein is, kan dit diep in die longe ingeasem word. Dit kan asma, brongitis en inflammasie van die longe vererger.

15 Een roker het gesê dat sy tong na 2 jaar se rook swart geword het. ŉ Ander roker vertel dat ŉ sigaret in sy mond ontplof het en hy moes verskeie operasies in sy mond ondergaan.

16 Mense wat ook in die geselskap van e-rokers is, kan ook allergiese probleme ontwikkel as gevolg van tweederangse rookinaseming. Hierdie allergieë is gewoonlik asma of kortasem.

17 Dit maak daarom nie saak wat jy rook nie, of dit sigarette of e-sigarette is, dit is sleg vir jou gesondheid.

[Aangepas uit: http://www.mieliestronk.com/rookgevaar.html
http://www.scientificamerican.com/article/smoke-screen-are-e-cigarettes-safe/]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

Vloei•baar: flu•ï•di•teit' s.nw. Toestand van vloeibaar, onvas te wees, vloeibaarheid.

Eis•saak s.nw. ŉ Hofsaak waar jy iets eis, soos bv. geld wat jou toekom; ŉ eis instel vir skadevoergoeding.

Na•vor•sings•or•ga•ni•sa•sie s.nw. ŉ Plek waar navorsing gedoen word. ŉ Ondersoek om nuwe feite te vind.

Aam•bors•tig b.nw. (med) Met slym op die bors. Die aamborstige kind hoes heeldag.

1.1 Haal DRIE agtereenvolgende woorde in paragraaf 1 aan wat na ŉ sigaret verwys. (1)

1.2 Watter giftige middel kom in sigarette voor? (1)

1.3 Wie was die persoon wat tabak aan Europa bekend gestel het? (1)

1.4 Hoe beïnvloed rook ŉ mens se gesondheid? Noem TWEE dinge. (2)

1.5 Waar, dink jy, is die nuwe wêreld? (paragraaf 3) (1)

1.6 Verduidelik die volgende uitdrukking:

*Die stryd teen rook is regtig <u>aan die brand</u>*! (1)

1.7 Watter probleme kan deur pyprook veroorsaak word? Noem slegs EEN probleem. (1)

1.8 *Pyprook is minder gevaarlik as sigaretrook.*

Haal ŉ deel van ŉ sin aan om die stelling te bewys. (1)

1.9 Hoekom, dink jy, kan tieners meer geneig wees <u>om aan te hou</u> alkohol te misbruik en dagga te rook? (2)

1.10 *Rook gee ŉ mens net gesondheidsprobleme.*

1.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR?

1.10.2 Haal ŉ deel van ŉ sin aan om jou standpunt te motiveer. (1)

1.11 Noem EEN gevaar wat daar is as ŉ mens te vroeg begin rook. (1)

1.12 Hoe, dink jy, probeer die skrywer jou siening oor rook beïnvloed? (2)

1.13 Waarvoor staan *e-* in *e-sigaret*? (1)

1.14 Verduidelik in ŉ volsin hoekom dit sleg vir jou vriende se gesondheid is, as hulle naby jou staan wanneer jy rook. (1)

1.15 Verduidelik hoekom e-sigarette minder verslawend as gewone sigarette is. (1)

1.16 Verduidelik die onderstreepte uitdrukking in die volgende sin **in jou eie woorde**.

*Alle mense moet nou oorreed word <u>dat rook sommer twak is</u>*. (2)

1.17 1.17.1 Word die uitdrukking in die titel, *Enige bobbejaan kan rook*, LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.17.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord. (2)

Lees die onderstaande resensie goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**WHEN A STRANGER CALLS**

Riller. 16 (GT)
Met: Carol Kane
Regie: Zanie Kruger
☆☆☆☆

**Hoe het dit in Amerika gevaar?** Dit het $15 miljoen gekos om te maak en amper $50 miljoen by die teaterloket ingebring. Die fliek sal binnekort in Suid-Afrika vertoon word.

**Waaroor gaan die film?** 'n Baba-oppasser pas twee kinders op 'n afgeleë plaas op. Sy word ure lank deur 'n psigopaat oor die telefoon geterroriseer. Die huis is vreeslik groot en daar is baie plek vir 'n moordenaar om weg te kruip.



**Grilvrate** moenie hierdie fliek misloop nie! Neem jou beste vriend saam as jy na hierdie fliek gaan kyk. Sluit maar jou voordeur met 2 slotte en ook jou slaapkamerdeur voordat jy gaan slaap.

**Wie sal nie hiervan hou nie?** Bly jy alleen? Loer jy altyd in die aand in al die kaste en onder die bed voor jy gaan slaap? Dan moet jy liewer nie die film gaan sien nie!

1.18 Wie speel die hoofrol in hierdie film? (1)

1.19 Kies die korrekte antwoord vir die volgende woord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter as jou antwoord neer bv. 1.19 E.

Grilvrate is mense wat ...

A daarvan hou om te gril.
B vrate is en baie eet.
C gereeld van idees verander.
D van aaklige dinge hou. (1)

Kopiereg voorbehou 

1.20 Waarom, dink jy, loer mense onder hulle beddens wanneer hulle gaan slaap? (1)

1.21 Hoe weet jy dat die film baie goed is? (1)

1.22 Hoe weet ons dat die skelm nie by die baba-oppasser is nie? (1)

1.23 Haal EEN woord aan wat vir ons sê dat die plaas ver weg van ander plekke of mense is. (1)

1.24 Hoekom sal die film, *When a Stranger Calls,* 'n fliekganger bang maak? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

### INSTRUKSIES

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

1. Skryf SEWE wenke ***hoe om jou vir die nuwe seisoen voor te berei***, neer.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde **aan die einde** van die opsomming aan.

**MANIERE OM JOU VIR DIE NUWE SEISOEN VOOR TE BEREI.**

Die lente is hier en dit is nou tyd om daardie wintervaalte uit jou te kry en weer ʼn huppel in jou stap te sit.

ʼn Goeie manier om jou lewe weer reg te kry, is om al die halfvoltooide take klaar te maak, soos byvoorbeeld halfgelese boeke klaar te lees. Niks is lekkerder as jy iets afgehandel het nie, al is dit ook iets eenvoudig.

Begin ook om oulike plekkies in jou dorp waarvan jy vergeet het, te herontdek of om plekke waarby jy nog nooit uitgekom het nie, te besoek.

Ontgif jou liggaam deur ʼn gesonde en voedsame dieet te volg, om meer water te drink en weg te bly van rommelkos.

Moenie die belangrikheid van ʼn goeie nagrus of ʼn middagslapie, hoe kort ook al, onderskat nie. Dit verbeter jou energie en dit laat jou goed lyk.

Maak jou kamer skoon deur onnodige goed vir liefdadigheid te gee. Dit sal ʼn mens altyd baie goed laat voel.

Jou liggaam sal oefening waardeer, maar onthou om stadig te begin: ʼn paar treë op ʼn slag, klim trap in plaas daarvan om die hysbak te gebruik, parkeer jou motor verder weg wanneer jy winkels toe gaan.

Dis ʼn nuwe seisoen. Dis ʼn goeie tyd om iets nuuts te begin, iets wat jy miskien al lankal wou doen, soos kuns, fotografie, in die berge te gaan stap, jou familie besoek of om op ʼn bootreis te gaan ...

[Aangepas uit: © Media24. 03/9/2013 – Leefstyl]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.




[Aangepas: *Huisgenoot* 28 Januarie 2014, bl. 95]

3.1 Voltooi die sin:

Die advertensie is ŉ voorbeeld van ŉ manipulerende teks. Dit manipuleer die leser om ... (1)

3.2 Wie is die teikenmark van die advertensie? (1)

3.3 Hoekom word die eerstepersoon-aanspreekvorm, ***4me***, deurgaans in die advertensie gebruik? (1)

3.4 Wat is die slagspreuk van die advertensie? (1)

3.5 Hoekom word die Engelse woorde ***4me, 4saving, 4growing*** en ***4good*** in die advertensie gebruik? (1)

3.6 Hoekom, dink jy, gebruik die adverteerder die byvoeglike naamwoord, ***fantastiese***, in die sin ***En met ŉ fantastiese rentekoers daarby***?

3.7 Hoekom gebruik die adverteerder die ellips en drie uitroeptekens na die woorde: ***Dis hoe maklik dit is ...!!!***? (1)

3.8 Hoekom word die woorde ***Nedbank4me***, ***slim*** en ***ekstra*** in vetgedrukte letters gedruk? (1)

3.9 Dink jy, ***Laat die pret begin***, is ŉ goeie woordkeuse vir die advertensie?

Motiveer jou antwoord. (1)

3.10 Waarna verwys *pitte* in die volgende sin: *Sê hallo vir die <u>pitte</u>!* (1)
**[10]**


## VRAAG 4: STROKIE

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.

(1)




(2)




(3)




(4)




[Aangepas uit: Google images]

4.1 Vergelyk strokies 1 en 4.

Neelsie het 0% vir wiskunde behaal, maar hy wil navorsing oor **<u>vakansie</u>** doen. Wat suggereer hierdie feit(e) oor Neelsie se houding teenoor sy werk? (1)

4.2 Hoekom, dink jy, het Neelsie vir sy pa gesê dat hy goeie nuus het (strokie 1, raampie 1) voordat hy sy punte (0%) vir hom gesê het? (strokie 1, raampie 3) (1)

4.3 Hoe weet ons dat Meneer skree? (Strokie 2, raampie 2) (1)

4.4 Hoe weet jy dat Meneer weghardloop? (Strokie 3, raampie 3) (1)

4.5 Wat beteken Neelsie se woorde: ***Ja Meneer, ek is nou***? (Strokie 2, raampie 3) (1)

4.6 ***IS JY DOOF?*** (Strokie 2, raampie 2)

4.6.1 Is bogenoemde stelling konnotatief of denotatief gebruik? (1)

4.6.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 4.6.1. (1)

4.7 Wat beteken die volgende idioom?

*Hy is horende doof.* (verwys na strokie 2)

A Hy kan nie hoor nie.
B Hy wil niks hoor nie.
C Hy kan nie verstaan wat hy hoor nie.
D Hy kan nie glo wat hy hoor nie. (1)

4.8 Kyk na Neelsie se **gesigsuitdrukking** (strokie 4, raampie 3). Hoe weet ons dat hy geïnteresseerd is om navorsing oor vakansie te doen? (1)

4.9 Hoekom word daar ŉ uitroepteken na Neelsie se woorde in strokie 3, raampie 3 gebruik en nie na die woorde van skoolkind A en B nie in raampies 1 en 2 nie? (1)

**[10]**

## VRAAG 5: PROSA

Die vrae wat volg, is op die prosastuk hieronder gebaseer.

### ’N SJIMP WAT ROOK? WAT ’N AAP!

1. Ou Charlie van Bloemfontein hou daarvan om rustig in die winterson te sit en rook.



2. Hy rook wanneer hy alleen is en ’n kans kry, anders kry hy raas.
3. Maar hy rook, al moet hy dit (eerlik) doen.
4. Rook is ’n slegte gewoonte, maar vir ’n sjimpansee nog (sleg).
5. Charlie se maat was Annie. “Ja, sy het gerook”, sê Kobus, die natuurbewaarder by die (dier+tuin).
6. Hy sê verder: “Charlie sal nooit ’n sigaret optel wanneer ek naby is nie.”
7. “Ons gaan ’n kringtelevisiekamera in die hokke sit. Ons kan hulle dan 24 uur ’n dag dophou.”
8. Wanneer Charlie vir ’n sigaret vra, steek hy sy hand uit en klap op sy bo-arm. Hy wys dan na sy mond en maak geluide met sy lippe.
9. Charlie, wat nou14 jaar oud is, word amper (elke dag) uitgevang.
10. Dan sit hy soos ’n stout kind en maak asof hy nog nooit gerook het nie.

[Aangepas uit: *Afrikaans EAT*, Bateleur Boeke, 2007 uitgawe, bl. 219]

Kopiereg voorbehou

5.1 Herskryf die volgende sin deur die korrekte INFINITIEF te gebruik.

Ou Charlie rook.

Begin so: Ou Charlie behoort nie ... (1)

5.2 Herskryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Hy kry raas wanneer hy rook. (2)

5.3 Gee die TEENOORGESTELDE betekenis (antoniem) van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Maar hy rook, al moet hy dit (eerlik) doen. (1)

5.4 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Om te rook is ŉ slegte gewoonte, maar vir ŉ sjimpansee nog (sleg). (1)

5.5 5.5.1 Herskryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM.

Ja, sy het gerook. (1)

5.5.2 VERBIND die woord in hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Kobus is die natuurbewaarder by die (dier+tuin) in Bloemfontein. (1)

5.6 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM oor.

Charlie sal nooit ŉ sigaret optel nie. (1)

5.7 5.7.1 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD **sodat**.

Ons gaan ŉ kringtelevisiekamera in die hokke sit. Ons kan hulle 24 uur ŉ dag dophou. (1)

5.7.2 Skryf die getal **14** in woorde uit. (1)

5.7.3 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE oor.

Hy sê: "Ons gaan ŉ kringtelevisiekamera in die hokke sit." (2)

5.8 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE TYD oor.

Hy steek sy hand uit en klap op sy bo-arm. (1)

5.9 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as jou antwoord neer.

Charlie word (elke dag) uitgevang. (1)

**[14]**

## VRAAG 6: PRENT

Die vrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.




[Uit: *Afrikaans is lekker*, LB. Gr 12. 2007]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om sinne 6.1–6.6 korrek te voltooi.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| blitsvinnig | vlieg | waentjie | trollie | kasregister | verkoopsman |
| klant | handsak | wallet | kruideniersware | voorskoot | oorjas |

6.1 Die ma haal geld uit haar ... (1)

6.2 Die ma betaal vir haar ... (1)

6.3 Die ma hardloop ... uit die winkel. (1)

6.4 Die ma stoot 'n ... met haar aankope in. (1)

6.5 Die man agter die toonbank sit die geld in die ... (1)

6.6 Die man agter die toonbank het 'n ... aan. (1)
**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou